

4 April

Skrifgedeelte: Spreuke 13:1-9

Fokusgedeelte: Spreuke 13:7-8; Matteus 6:11

Armoede of rykdom – is God nog vir jou belangrik?

Ons vra voortdurend dat God in sy groot genade vir ons sal versorg met alles wat vir die liggaam nodig is *sodat ons daardeur erken dat God die enigste Bron is van alles wat goed is*. Hoe word my lewe beïnvloed deur dit wat die Here vir my gee?

Erken ons werklik altyd dat God die enigste Bron is van alles wat goed is? Die Spreukedigter wys ons op die groot gevaar wanneer ons op ons eie manier aan dié erkenning uitdrukking wil gee. Vir wie gee jy die erkenning vir die gawe wat jy ontvang in jou behoefte na liggaam? Hoe gee jy die erkenning?

Deur te maak of jy ryk is, is nie reg nie, want daardeur wil jy vir die wêreld te kenne gee dat jy sekere dinge besit terwyl God as die enigste Bron van alles wat goed is, jou nie daarmee toevertrou het nie. Dit gebeur wanneer 'n mens geld spandeer wat jy nie het nie. Jy maak skuld deur lenings aan te gaan en aankope op krediet te doen, terwyl jy weet dat jy dit nie kan bekostig nie. Jy tree op asof jy God se gawes nie nodig het nie en steun op jou eie kredietwaardigheid. Só vra jy eintlik “Wie is die Here?”

Aan die ander kant bestaan die gevaar dat jy God se Naam oneer aandoen deur te maak of jy arm is. Jy misken God dan as die enigste Bron van alles wat goed is en steun dan op mense om jou van middele te voorsien terwyl jy dit nie nodig het nie. Dan steel jy!

Leef elke dag in die besef dat dit groot genade is om juis die seën van God oor ons gawes te besef wanneer ons ons daaglikse arbeid verrig. Só erken ons dat Hy vir ons ons daaglikse brood gee en leef ons ook in dankbaarheid vir die Brood van die Ewige Lewe wat ons in Christus deur die werking van die Heilige Gees het.

Sing: Psalm 128:2, 3 (Totius)

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)